

REGTE

(Tweede verslag)

HERINSTEL VAN TRIBUNAAL

AGTERGROND

Die Ring van Wonderboom het die Sinodale Diensraad (**SDR**) versoek om weer die moontlikheid van 'n tribunaal vir dissiplinêre ondersoeke teen predikante te ondersoek aangesien sulke ondersoeke ontwigting in die Ring veroorsaak in die sin dat verhoudinge tussen Ringskollegas onder druk geplaas word, wanneer sulke ondersoeke deur Ringskollegas gedoen word.

BESPREKING

Volgens **Artikel 61 van die Kerkorde** is deel van die werksaamhede van die ring, “die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit.” (*Kerkorde*, 2015, Artikel 61.7)

Reglement 18, Kerkorde, 2015, par. 2.4 lees as volg:

“2.4. Indien 'n ring van 'n gevolmagtigde tugliggaam gebruik maak in 'n tugverhoor, verwys die ring die hele aangeleentheid na die ringstugliggaam vir hantering. Die ringstugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede, waarvan drie lede deur die ring aangewys word en twee lede deur die sinode aangewys word. Hierdie name word uit 'n lys van goedgekeurde lede aangewys, wat by die vorige sinodevergadering en ringsvergadering goedgekeur is vir die doel. Die ringskommissie stel in oorleg met die sinodale regspan die ringstugliggaam saam. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ringstugliggaam. Al die lede moet die goedkeuring van die betrokke partye wegdra.”

Hierdie paragraaf was in die verlede nie deel van die Reglement gewees nie, maar is tydens die Algemene Sinode 2015 goedgekeur. Hierdie was in elk geval die gebruik van die Noordelike Sinode in terme van 'n Funksionele besluit in 2012.

Volgens die Reglement is die hantering van dissiplinêre ondersoeke nie net die verantwoordelikheid van die ring of ringskommissie nie. Die ringstugliggaam word in oorleg met sinodale regspan saamgestel.

Tydens hierdie oorlegpleging kan, die ring of ringskommissie se insette aangehoor word en die tugliggaam dienooreenkomstig saamgestel word. Die Ring kan ook nie sy verantwoordelikheid met betrekking tot die opsig en tug oor die predikante in die ring goedsmoeds afstaan nie. Indien 'n ringskommissie of ring kans sien om by so 'n tugliggaam betrokke te wees, behoort dit te gebeur.

Die tugliggaam bestaan verder uit vyf lede waarvan ten minste twee lede deur die sinode aangewys word. Hierdie twee lede van die sinode kan ook 'n bydra lewer om die moeilike situasie met betrekking tot onderlinge verhoudings te hanteer.

Die SDR sal van die volgende moet kennis neem: “Hierdie name word uit 'n lys van goedgekeurde lede aangewys, wat by die vorige sinodevergadering en ringsvergadering goedgekeur is vir die doel.” Die sinode sal 'n lys van name moet goedkeur van persone wat

hiervoor aangewend kan word. Op hierdie stadium word lede van die STR en die moderatuur gewoonlik vir die doel gebruik, maar die STR is ook die appélliggaam van die Sinode en behoort die lede van die STR eintlik beskikbaar te wees vir appéle.

'n Moontlike werkswyse is dat elke ring versoek word om een persoon aan te wys wat vir die doel gebruik kan word en dat die lede by geleentheid spesifiek hiervoor toegerus word.

Die Reglement lees verder as volg:

“2.6 Indien 'n situasie ontstaan waartydens óf die kerklike tugliggaam óf die aangeklaagde/geïmpliseerde oordeel dat 'n regverdige en billike verhoor nie kan plaasvind met die huidige samestelling van die kerklike tugliggaam nie, het beide die reg om, met opgaaf van rede(s), aansoek te doen dat 'n ander kerklike tugliggaam saamgestel word om die verhoor te hanteer.

2.6.1 In geval van 'n kerklike verhoor deur die kerkraad of sy gevolmagtigde, word die ring of sy gevolmagtigde versoek om 'n ander kerklike tugliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke kerkraad die ondersoek te doen.

2.6.2 In geval van 'n kerklike verhoor deur die ringstugliggaam, word die sinode of sy gevolmagtigde versoek om 'n ander tugliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke ring die ondersoek te doen.

Hierdie paragraaf in die Reglement skep ook die ruimte dat die ring of ringstugliggaam of selfs die aangeklaagde kan versoek dat die tugliggaam anders saamgestel word. Indien daar tydens die oorlegpleging tussen die sinodale regspan en ringskommissie/tugliggaam van enige ongemak met betrekking tot die ondersoek kennis geneem word, kan die sinode of sy gevolmagtigde 'n ander tugliggaam aanwys.

AANBEVELING

1. Die Sinode neem kennis dat in terme van Artikel 61.7 van die *Kerkorde*, 2015, die opsig, tug en/of dissipline deel vorm van die werksaamhede van die Ring en dat daar nie sonder meer van daardie verantwoordelikheid afgesien kan word nie.
2. Die Sinode neem kennis dat Reglement 18, *Kerkorde*, 2015, (vgl, par. 2.4 en 2.6) genoeg voorsiening maak vir die hantering van enige ongemak by ringsleraars wanneer 'n predikant binne die ring, aan 'n tug en/of dissiplinêre ondersoek/verhoor onderwerp word en dat die sinode of die Sinodale Taakspan Regte 'n ander tugliggaam sou kon saamstel indien daarvoor versoek.
3. Die Sinode versoek elke ring om een persoon aan te wys wat toegerus kan word om deel te vorm van 'n tug-/ondersoekliggaam wat deur die Ring en/of Sinodale Taakspan Regte saamgestel word, indien nodig en dat hierdie lys van name deur die SDR gefinaliseer word.
4. Die STR reël 'n geleentheid waar sulke persone toegerus kan word om op 'n tug-ondersoekliggaam te dien.